



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement Western Cape Provincial Parliament IPalamente yePhondo IeNtshona Koloni

VERKIESINGS

FEITEBLAD 22

HERSIENING 1, 9 APRIL 2019

Wat is die rol van verkiesings in 'n grondwetlike demokrasie?

- Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak voorsiening vir gereelde, vrye en regverdigde verkiesings om burgers in staat te stel om hul stemreg uit te oefen en 'n politieke party of openbare verteenwoordiger van hul keuse te kies.
- Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak voorsiening vir 'n veelpartystelsel waar verskillende politieke partye die reg het om aan verkiesings deel te neem vir die geleentheid om die regerende party of regering te word of om as deel van 'n koalisieregering te regeer.
- Algemene verkiesings gee dus aan kiesers die bevoegdheid om te besluit watter politieke party die land op nasionale en provinsiale vlak sal regeer en watter politieke partye die regerende party se opposisie sal wees.

Hoe werk Suid-Afrika se kiesstelsel?

- Die Suid-Afrikaanse Grondwet gee aan elke burger bo die ouderdom van 18 jaar die reg om te stem.
- Suid-Afrika se nasionale en provinsiale verkiesings vind elke vyf jaar plaas.
- Suid-Afrika se kiesstelsel is gegrond op 'n stemstelsel van proporsionele verteenwoordiging: die getal setels in die nasionale Parlement en in provinsiale wetgewers word toegewys in direkte verhouding met die getal stemme wat 'n politieke party tydens die verkiesing ontvang het.
- Elke kieser gee een stem vir die politieke party van sy of haar keuse op nasionale vlak en een stem vir die party van sy of haar keuse op provinsiale vlak.

Hoe kies partye hul lys verkiesingskandidate?

- Voor die verkiesing dien elke politieke party 'n kandidaatlys by die Verkiesingskommissie van Suid-Afrika (OVK) in. Hierdie lys is "geslote" en kan nie deur kiesers verander word nie.
- Politieke partye stel hul kandidaatlyste op en kandidate word op grond van interne partyvoorkeure en keuringsvereistes in rangorde geplaas. Dit is partye se algemene gebruik om hul kandidate vir president en premier eerste op hul nasionale en provinsiale lys te plaas.
- Die kandidaatsnominasiesistelsel ("Candidate Nomination System" of CNS) word gebruik om die proses te fasiliteer om kandidate te nomineer.
- Aan die einde van die kiesproses word hierdie lys (in rangorde) gebruik om die setels wat aan elke party toegewys is, te vul.

Watter rol speel die Verkiesingskommissie van Suid-Afrika (OVK)?

- Die OVK is 'n hoofstuk 9-instelling wat toesig moet hou oor die verkiesing van wetgewende liggame en instellings op nasionale, provinsiale en munisipale vlak en daardie verkiesings moet bevestig.

- Die vier hoofverantwoordelikhede van die OVK is:
 - om verkiesings van nasionale, provinsiale en munisipale wetgewende liggame te bestuur
 - om toe te sien dat verkiesings vry en regverdig is;
 - om die uitslae van verkiesings bekend te maak; en
 - om die kieserslys saam te stel en in stand te hou.

Hoe stem ek?

- Gaan na die stempunt waar jy geregistreer is op die dag van die verkiesing. Elke stempunt het groot, duidelike kennisgewings aan die buitekant wat die plek as 'n stempunt aandui en die stempunt is gewoonlik van 07:00 tot 21:00 oop.
- 'n Kiesbeampte sal jou identiteitsdokument nagaan en bevestig dat jou naam op die kieserslys verskyn.
- 'n Kiesbeampte sal die nael van jou linkerduim met ink merk, jou identiteitsdokument stempel en vir jou twee stembriewe gee: een vir die nasionale en een vir die provinsiale verkiesing. Jy kan nagaan of die stembrief eg is deur te kyk of die OVK se stempel op die keersy verskyn.
- Gaan na 'n stemhokkie waar jy jou stem kan uitbring deur 'n X teenoor die politieke party van jou keuse op elke stembrief aan te bring.
- Nadat jy albei stembriewe gemerk het, plaas jy die stembriewe in die stembusse wat duidelik gemerk is.
- As jy 'n fisieke gestremdheid het of swaksiende is, kan jy een van die kiesbeamptes vra om jou te help.
- Die OVK laat ook "spesiale stemme" toe as jy nie in staat is om op die dag van die verkiesing by jou stempunt te stem nie. 'n Spesiale stem laat jou toe om op 'n vooraf bepaalde dag voor die verkiesing te stem. Jy kan aansoek doen om 'n spesiale stem uit te bring as jy 'n fisieke gestremdheid het, swanger is of nie in staat is om op die dag van die verkiesing by die stempunt waar jy geregistreer is, te stem nie.

Wat gebeur nadat ek gestem het?

- Stembusse, insluitende stembusse met spesiale stemme, word in die teenwoordigheid van agente van politieke partye oopgemaak. Stembriewe word nagegaan om seker te maak dat die amptelike OVK-stempel op elke stembrief verskyn. Stembriewe word dan gesorteer volgens stemme vir elke politieke party wat aan die verkiesing deelgeneem het, en daarna word die stembriewe getel.
- Nadat die stembriewe getel is, word die uitslae aangeteken en deur eksterne uitslagouditeurs nagegaan.
- Die OVK moet die uitslag van die verkiesing binne sewe dae bekend maak en 'n verklaring uitreik waarin bevestig word dat die verkiesing geloofwaardig, vry en regverdig was. Hierdie verklaring is gegrond op die waarnemings en terugvoer van geakkrediteerde internasionale en plaaslike waarnemingsgroepe wat verkiesings monitor.
- Die voorsitter van die OVK, in die teenwoordigheid van die President van die land en ander sleutelbelanghebbendes, kondig die finale uitslag van die verkiesing vir die land aan tydens 'n regstreekse media-uitsending. Hierdie uitsending vind plaas vanaf die amptelike Nasionale Uitslagbeheersentrum ("National Results Operations Centre"), wat gewoonlik in Pretoria is.
- Die wet vereis ook dat die OVK 'n amptelike verslag, wat op die OVK se webtuiste (www.elections.org.za) beskikbaar is, ná elke verkiesing publiseer.
- Die Verkiesingskommissie bereken die getal nasionale en provinsiale setels wat elke party verower het deur gebruik te maak van die stemstelsel van proporsionele verteenwoordiging.